A 949/14 /SG

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(GAUTENG AFDELING, PRETORIA)
DATUM: 7/1/2015

Landdros
BRAKPAN

Saak No: RC62/2013
Hooggeregshof Verw No: 719/14

DIE STAAT V WANAYA VICTOR EN ETHAN SHALDON PETERSEN

HERSIENINGSUITSPRAAK

PRELLER, R

Die twee beskuldigdes is skuldig bevind voor die streekhof aan klagte van oortreding van artikel 15(1) gelees met verskeie ander artikels van Wet 32 van 2007 deurdat hulle konsensuele geslagtelike verkeer gehad het met 'n 14 jarige kind. Hulle het skuldig gepleit en is bygestaan deur 'n regsverteenwoordiger. Op 'n navraag deur die landdros het die aanklaer die hof meegedeel dat die magtiging van die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings nie nodig is nie weens die ouderdom van die drie betrokkenes. Die twee beskuldigdes was tydens die verhoor 19 jaar oud maar tydens die

voorval was hulle onderskeidelik 16 jaar en een maand en 16 jaar en twee mande oud. Namens hulle is 'n volledige pleit verduidelikings ingehandig.

Na skuldigbevinding het die landdros die verrigtinge gestop en die saak na hierdie hof gestuur vir 'n spesiale hersiening. In 'n volledige memorandum het die landdros uiteengesit dat hy onder 'n wanindruk verkeer het maar nou vasgetel het dat die magtiging van die Direkteur van Openbare Vervolgings wel nodig is in die lig van die ouderdom van die beskuldigdes. Hy het verwys na die definisie van 'n kind in artikel 1 van Wet 32 van 2007 waarvolgens 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar 'n kind is. Artikel 15(2)(a) van die Wet bepaal dat die instelling van 'n vervolging weens 'n oortreding van artikel 15(1) moet skriftelik gemagtig wees deur die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings as beide die daders kinders is tydens die oortreding. Daardie magtiging mag nie gedelegeer word nie. Die landdros het gevolglik versoek dat die skuldigbevinding tersyde gestel word weens sy siening van die vereistes van die Wet.

Ek het 'n baie behulpsame memorandum gekry van Staatsadvokaat Marriot waarmee Advokaat Meintjes SC saamgestem het. Hulle wys op die definisie van kind in artikel 1 van die Wet ingevolge waarvan 'n kind gedefinieer word as (a) 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar of (b) met verwysing na artikels 15 en 16 jaar 'n persoon tussen die ouderdom van 12 en 16. Omdat beide beskuldigdes oor die ouderdom van 16 jaar was tydens die voorval was hulle dus nie kinders nie en was die magtiging van die NDOV

nie nodig nie. Daar is gevolglik niks verkeerd met die skuldigbevinding nie en die saak word terug verwys na die landdros vir afhandeling.

Ek kan terloops net daarop wys dat die landdros in sy motivering vir die spesiale hersiening onnodig apologeties was weens sy vermeende fout. Daar is niks mee verkeerd as 'n regterlike amptenaar 'n fout maak nie en die optrede van die landdros om die saak op hersiening te stuur toe hy gemeen het dat hy 'n fout gemaak het was heeltemal korrek.

F G PRELLER
REGTER VAN DIE GAUTENGSE AFDELING, PRETORIA

Ek stem saam

N RANCHOD
REGTER VAN DIE GAUTENGSE AFDELING, PRETORIA

RC62/2013/sg